



BUITENGEWONE  
**OFFISIËLE KOERANT**

van Suidwes-Afrika.  
Uitgegeë op gesag.

**OFFICIAL GAZETTE**  
EXTRAORDINARY  
of South West Africa.  
Published by Authority.

---

1/- Maandag, 9 Julie 1934. WINDHOEK Monday, 9th July, 1934. No. 569

---

**INHOUD.**

**CONTENTS.**

	<i>Bladsy.</i>		<i>Page.</i>
<b>Goewermentskennisgewings —</b>		<b>Government Notices —</b>	
No. 85. Tifuskoors 'n Gedugte Siekte verklaar . . . . .	8965	No. 85. Typhus Fever declared a Formidable Disease . . . . .	8965
No. 86. Tifuskoorsregulasies . . . . .	8965	No. 86. Typhus Fever Regulations . . . . .	8965

---

**INHALT.**

	<i>Seite.</i>
<b>Regierungsbekanntmachungen —</b>	
Nr. 85. Flecktyphus als schwer-seuchenhafte Krankheit erklärt . . . . .	8970
Nr. 86. Vorschriften für Flecktyphus . . . . .	8970

**Goewermentskennisgewings.****Government Notices.**

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

F. P. COURTNEY CLARKE,  
*Sekretaris vir Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 85.] [27 Junie 1934.]

**TIFUSKOORS 'N GEDUGTE SIEKTE VERKLAAR.**

Dit het die Administrateur behaag om, ingevolge en kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *seven-en-dertig* van "De Volksgezondheidswet 1919" (Wet No. 36 van 1919) van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, soos op hierdie gebied toegepas en vir die doel gewysig deur "De Publieke Gezondheids Proklamatie, 1920" (Proklamasie No. 36 van 1920) om Tifuskoors 'n gedugte siekte te verklaar vir die doel van genoemde Wet, soos toegepas met ingang vanaf die eerste dag van Julie 1934.

No. 86.] [27 Junie 1934.]

Weens die verskyning of die dreigende intrede van Tifuskoors, 'n siekte wat by Goewermentskennisgewing No. 85 van 1934 verklaar is 'n gedugte siekte te wees onder artikel *seven-en-dertig* van "De Volksgezondheidswet, 1919" (Wet No. 36 van 1919) van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, soos op hierdie gebied toegepas en vir die doel gewysig by "De Publieke Gezondheids Proklamatie, 1920" (Proklamasie No. 36 van 1920), het dit die Administrateur behaag om, ingevolge artikels *ses-en-dertig*, *agt-en-dertig* en *vier-en-veertig* van genoemde Wet die regulasies vervat in Bylae "A" hiervan van krag te maak binne die distrikte, plekke of streke genoem of omskrywe in Bylae "B" hiervan, met die uitsondering van Regulasie No. 25 wat in die hele Gebied van krag sal wees.

**TIFUSKOORSREGULASIES.****BYLAE "A".****DIE AANGEE VAN STERFGEVALLE.**

1. Elke sterfgeval, van welke oorsaak dit ook mag wees, moet met alle besonderhede daaromtrent aangegee word met alle moontlike spoed en nie later dan vier-en-twintig ure na sodanige sterfgeval by die Registrateur van Geboortes en Sterfgevallen of by die Magistraat van die distrik of 'n spesiale vrederegter of 'n lid van die Polisie.

Sodanige rapport moet ingedien word:—

- (a) In die geval van 'n sterfgeval in 'n stadsgebied en in 'n plattelandse gebied, wanneer die oorledene 'n blanke is, deur die volwasse bloedverwante van die oorledene, teenwoordig by sy (haar) afsterwe of tydens sy (haar) laaste siekte of by hom (of haar) wonende, en by onstentenis van sodanige bloedverwante, deur elke persoon teenwoordig by die afsterwe, en deur die bewoner van die sterfhuis of, ingeval van die dood van sodanige bewoner, deur elke volwassene in sodanige huis.
- (b) In 'n plattelandse gebied, wanneer die oorledene 'n kleurling, Asiaat of naturel is, deur die eienaar of bewoner of bestuurder van die buiteplaas, of plaas of eiendom waar die sterfgeval plaasvind, of waar die sterfgeval plaasvind in 'n natuurlelokasie of op naturelle-lande, dan deur die hoof van die huis of van die kraal.

The following Government Notices are published for general information.

F. P. COURTNEY CLARKE,  
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 85.] [27th June, 1934.]

**TYPHUS FEVER: DECLARED A FORMIDABLE DISEASE.**

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section *thirty-seven* of the Public Health Act, 1919 (Act No. 36 of 1919), of the Parliament of the Union of South Africa, as applied to this Territory and modified for the purpose by Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation No. 36 of 1920), to declare Typhus Fever a formidable disease for the purpose of the said Act as so applied with effect from the first day of July, 1934.

No. 86.] [27th June, 1934.]

Owing to the occurrence or threatened outbreak of Typhus Fever, a disease declared by Government Notice No. 85 of 1934 to be a formidable disease under section *thirty-seven* of the Public Health Act, 1919 (Act No. 36 of 1919), of the Parliament of the Union of South Africa, as applied to this Territory and modified for the purpose by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation No. 36 of 1920), the Administrator has been pleased under sections *thirty-six*, *thirty-eight* and *forty-four* of the said Act to make the regulations in Schedule "A" hereto to be in force within the districts, places or areas mentioned or defined in Schedule "B" hereto, except that Regulation No. 25 shall be in force throughout the Territory.

**TYPHUS FEVER REGULATIONS.****SCHEDULE "A".****NOTIFICATION OF DEATHS.**

1. Every death, from whatever cause, shall be reported and full particulars thereof furnished with all possible despatch, and not later than twenty-four hours from the time of its occurrence to the Registrar of Births and Deaths or to the Magistrate of the district or a Special Justice of the Peace or a member of the Police.

Such report shall be made:—

- (a) In the case of a death in an urban area and in a rural area where the deceased is a European by the adult relatives of the deceased present at the death of, or in attendance during the last illness of, or dwelling with, the deceased; and in default of such relatives, by every person present at the death; and by the occupier of the house in which the death took place, or in the case of the death of such occupier, by every adult inmate of such house.
- (b) In a rural area, where the deceased is a coloured person, Asiatic, or native, by the owner or occupier or manager of the estate, farm or premises where the death takes place; or where the death takes place in a native location or on native lands, then by the head of the household or kraal head.

**DIE AANGEE VAN GEVALLE VAN OF VERMOEDELIKE GEVALLE VAN TIFUS.**

2. Elke geval van of vermoedelike geval van Tifus en iedere geval met die volgende kentekens —

Die siekte begin gewoonlik skielik met koors en pyne in kop, hals, rug en ledemate; kilheid, soms werklike bewaterigheid; uitdrukking van gesig loom en swaarmoedig, oë rooi en bloedbelope; tong eers droog maar spoedig bedek met witagtige beslag wat later bruin kan word, vinnige en uiterste swakheid en, later, in ernstige gevalle ylhoofdigheid of gevoelloosheid. (Die volgende kentekens kan ook daar wees: Huiduitslag op lyf en ledemate, wat gewoonlik ongeveer op die vierde dag van siekte verskyn, hoës, gewoonlik met witagtige spuug, stywe nek, doofheid. Die siekte is besmetlik aangesien persone wat saamgewoon het met of in aanraking was met iemand wat tevore daardeur aangetas is, die siekte na 'n paar dae kry);

moet dadelik gerapporteer word met besonderhede omtrent die pasiënt en sy simptome aan die plaaslike outoriteit (as daar is) en aan die Magistraat of aan enige spesiale vrede-regter of enige polisie beampte —

- (i) in stadsgebiede in alle gevalle en in plattelandse gebiede wanneer die pasiënt 'n blanke is, deur die eienaar of bewoner van die huis of eiendom en deur die hoof van die huis waarin die siekte plaasvind.
- (ii) in plattelandse gebiede, wanneer die pasiënt 'n kleurling, Asiat of naturel is, deur die eienaar of bewoner van die plaas of eiendom, of, wanneer die geval voorkom in 'n naturellelokasie of elders dan op 'n plaas, dan deur die hoof van die huis of kraal en deur die hoof van die lokasie;
- (iii) in die geval van enige kind wat skoolgaan, wanneer die siekte opgemerk word deur die onderwyser, deur sodanige onderwyser.

**PLIG VAN HUISBEWONERS, BOERE, HOOFDE VAN LOKASIES, OM OP HOOGTE TE BLY VAN GEVALLE VAN SIEKTE.**

3. Dit is die plig van elke eienaar of bewoner of bestuurder of ander persoon belas met die toesig oor 'n huis, plaas, hereboerdery, myn, fabriek of ander eiendom en van elke hoofman van 'n lokasie of hoof van elke huis of kraal en van elke skoolonderwyser om homself altyd op hoogte te hou omtrent elke siektegeval met kentekens soos omskrywe in Regulasie 2 hiervan, wat in sodanige woning, op die plaas, die hereboerdery, in die myn, fabriek, eiendom, lokasie, huis, kraal of skool, na die geval mag wees, voorkom; en ingeval van enige vervolging ingevolge genoemde Regulasie, sal die aangeklaagde tot sy verdediging nie mag aanvoer nie dat hy van 'n siektegeval geen berig ontvang het of nie daarvan bewus was nie.

**DIE AANGEE VAN SUSPISIEUSE SIEKTEGEVALLE DEUR WERKGEWERS.**

4. Elkeen wat kleurlinge, Asiats of naturelle in diens het, moet elke môre nagaan of enigeen van sy werknemers afwesig is van werk en, indien dit die geval is, of die afwesigheid te wyte is aan siekte en die aard van die siekte. Indien die siekte die kentekens vertoon wat in Regulasie 2 hiervan omskryf is, moet die werkgewer die feite dadelik rapporteer op die wyse bepaal in genoemde Regulasie, en hy moet die pasiënt terughou en toesig oor hom hou, totdat hy van die plaaslike outoriteit in wie se gebied die pasiënt is, of van die Magistraat of distriksheer instruksies ontvang het wat hy met hom moet doen.

**DIE AANGEE VAN GEVALLE OF VERMOEDELIKE GEVALLE VAN TIFUS DEUR GENEESKUNDIGE PRAKTI-SYNS.**

5. Wanneer 'n geneeskundige praktisyn opmerk dat êrens 'n geval of 'n sterfgeval deur tifus is of 'n sterfgeval of siektegeval met kentekens, tekens of geskiedenis vermoedelik met tifus in verband staande, moet sodanige praktisyn die feite en omstandighede dadelik bekendmaak aan die plaaslike outoriteit (as daar is) en aan die Magistraat wat dit dadelik moet bekendmaak aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika.

**RAPPORTE MOET SONDER VERWYL DEURGESTUUR WORD.**

6. Elke Registrateur van Geboorte en Sterfgevallen of Spesiale Vrederegter of lid van die Polisie wat berig ontvang of weet of redes het om te glo dat iemand aan tifus ly of oorlede is of aan 'n siekte wat hom aan tifus laat dink, moet dadelik met die spoedigste beskikbare geleentheid alle informasie in verband daarmee stuur aan die plaaslike outoriteit (as daar is) in wie se gebied die siekte of sterfgeval plaas gevind het en aan die Magistraat, wat die informasie dadelik moet deurstuur na die Sekretaris van Suidwes-Afrika.

**NOTIFICATION OF CASES OF OR SUSPECTED CASES OF TYPHUS.**

2. Every case or suspected case of typhus and every case with the following symptoms —

illness usually of sudden onset, with fever and pains in the head, neck, back and limbs; chilliness, sometimes actual shivering; expression of face dull and heavy; eyes red and congested; tongue at first dry but soon becomes covered with whitish fur which may later become brownish; rapid and extreme weakness and, later, in severe cases delirium or stupor. (The following symptoms may also be present: Skin rash on body and limbs, usually appearing about the fourth day of illness; cough, usually with whitish spit; stiffness of neck; deafness. The disease is infectious, as shown by the attack, after an interval of some days, of persons living with, or who have been in contact with, a previous case);

shall be immediately reported, with particulars of the patient and his symptoms, to the local authority (if any) and to the Magistrate or any Special Justice of the Peace or any Police officer —

- (i) in urban areas in all cases, and in rural areas where the patient is a European, by the owner or occupier of the dwelling or premises and by the head of the household in which the illness occurs;
- (ii) in rural areas where the patient is a coloured person, Asiatic, or native, by the owner or occupier of the farm or premises, or where the illness occurs in a native location or place not on a farm, then by the head of the household or kraal head and by the headman of the location;
- (iii) in the case of any child attending school where the illness comes to the knowledge of the school teacher, by such school teacher.

**DUTY OF HOUSEHOLDERS, FARMERS, HEADMEN OF LOCATIONS, TO KEEP THEMSELVES INFORMED AS TO OCCURRENCE OF CASES OF ILLNESS.**

3. It shall be the duty of every owner or occupier or manager or other person in charge of a dwelling, farm, estate, mine, factory, or other premises, and of every headman of a location, or head of every household or kraal, and of every school teacher, to keep himself at all times informed as to the occurrence of every case of illness with symptoms as described in Regulation 2 hereof in such dwelling, farm, estate, mine, factory, premises, location, household, kraal, or school, as the case may be; and in any prosecution under the said Regulation it shall be no defence for the accused to plead that he had not been informed or that he was unaware of such occurrence.

**NOTIFICATION OF SUSPICIOUS ILLNESS BY EMPLOYERS.**

4. Every employer of coloured persons, Asiatics, or natives shall ascertain each morning whether any one of his employees is absent from work, and if so, whether such absence is due to illness and the nature of the illness. If the illness presents symptoms such as are described in Regulation 2 hereof the employer shall immediately report the facts in the manner laid down in the said Regulation, and shall detain and take charge of the patient pending instructions as to his disposal by the local authority in whose area the patient is, or by the Magistrate or District Surgeon.

**NOTIFICATION OF TYPHUS OR SUSPECTED TYPHUS BY MEDICAL PRACTITIONERS.**

5. Where a case of or death from typhus or a case of illness or death with symptoms, signs, or history suggestive of or consistent with typhus comes to the knowledge of a medical practitioner, such practitioner shall forthwith report the facts and circumstances to the local authority (if any) and to the Magistrate, who shall at once transmit the same to the Secretary for South West Africa.

**REPORT TO BE TRANSMITTED WITHOUT DELAY.**

6. Every Registrar of Births and Deaths or Special Justice of the Peace or member of the Police who is informed or knows or has reason to believe that a person is suffering from or has died of typhus or of an illness suggestive of typhus shall at once forward by the quickest available means all information thereon to the local authority (if any) in whose area the illness or death has occurred and to the Magistrate, who shall at once transmit the same to the Secretary for South West Africa.

**PERSONE WAT INFORMASIE HET BETREFFENDE TIFUSGEVALLE MOET DIT VERSTREK WANNEER VERLANG WORD DAT HULLE DIT DOEN.**

7. Elke persoon wat inligting het of dokumentêre of ander bewys aangaande die siekte, laaste bewegings van persone met wie sodanige persoon kort tevore in aanraking was of omgegaan het, die teenswoordige verblyfplek of iets betreffende die voorkoming van tifus ten aansien van enige persoon lydende aan of wat verdink word om aan tifus te ly, is verplig dit te verstrek of te toon indien dit verlang word deur 'n behoorlik geoutoriseerde geneeskundige of ander amptenaar van die Administrasie of plaaslike outoriteit.

**TIFUSGEVALLE MAG ONDER KWARANTYN GEPLAAS OF VERWYDER EN AFGESONDER WORD.**

8. Iemand wat werklik of vermoedelik aan tifus ly mag, nadat 'n geneeskundige praktisyn dit gesertifiseer het, op las van die plaaslike outoriteit of van die Magistraat onder kwarantyn geplaas of na 'n hospitaal of afsonderingsplek verwyder en daar aangehou word.

**GEVALLE OF VERMOEDELIKE GEVALLE VAN TIFUS MOET AFGESONDER WORD EN VOORBEHOEDSMAATREÛLS GETREF WORD.**

9. Elke persoon wat volgens instruksies van 'n medikus 'n geval of vermoedelike geval van tifus onder hom het wat nie in 'n hospitaal behandel word nie, moet die gebou en die klere aan die liggaam en die toebehore van die pasiënt laat skoonmaak en skoonhou van ongedierte en geen persoon wat nie 'n geneeskundige of verplegende of andere nodige oppassende persoon is nie, toelaat om die kamer te betree of om andersins in aanraking te kom met die pasiënt gedurende sy siekte of gedurende 'n tydperk van veertien dae daarna.

**"KONTAK" GEVALLE MAG ONDER KWARANTYN OF ONDER TOESIG GEPLAAS WORD.**

10. Enige persoon wat in werklikheid of vermoedelik blootgestel was aan tifusbesmetting, mag, op las van die plaaslike outoriteit of die Magistraat onder kwarantyn of onder mediese toesig geplaas word totdat hy as vry van besmetting beskou word.

**ONTRUIMING VAN BESMETTE WONINGS, ENS.**

11. Die Magistraat kan op aanvraag van die plaaslike outoriteit of sonder sodanige aanvraag 'n order uitvaardig tot sluiting en ontruiming vir 'n tydperk wat in sodanige order bepaal word, van enige woning of eiendom waar tifus hom voorgedoen het of wat vermoedelik met tifus besmet is en sodanige order mag herhaal word.

**GENEESKUNDIGE ONDERSOEK IN VERBAND MET TIFUS EN WAT MET LYKE GEDOEN MOET WORD.**

12. Die plaaslike outoriteit of die Magistraat kan gelas dat enige persoon van wie geglo word dat hy aan tifus ly of wat verdink word om aan tifus te ly (of wat verdink word om aan tifus te ly) deur 'n geneeskundige praktisyn ondersoek word of hulle kan 'n ondersoek laat instel in verband met iemand van wie geglo of vermoed word dat hy aan tifus oorlede is. Die magistraat kan gelas dat 'n *post-mortem* ondersoek gehou word deur 'n geneeskundige praktisyn van die lyk van iemand van wie geglo of vermoed word dat hy aan tifus oorlede is, en hy kan gelas dat die lyk, indien dit alreeds begrawe is, weer opgegrawe word. Oor die lyke van persone wat werklik beswyk het aan tifus of van wie geglo of vermoed word dat hulle aan tifus beswyk het, sal beskik word of hulle sal begrawe word volgens order van die Magistraat.

**PUBLIEKE VERGADERINGS EN SAMEKOMSTE KAN VERBOD WORD.**

13. Waar dit as nodig geag word tot verhinderende van tifus-verspreiding, mag die Magistraat met die goedkeuring van die Administrateur, wat vooraf verkry is, 'n order uitvaardig waardeur die belê of hou van enige vergadering, byeenkoms of publieke samekoms van enige aard hoegenaamd verbod word.

**BEPERKING VAN OPENBAAR VERVOER EN VOORSORGTEN AANSIEN VAN PERSONE WAT BESMETTE STREKE VERLAAT OF BINNETREK.**

14. Dit sal wettig wees vir die Magistraat, nadat vooraf die goedkeuring van die Administrateur verkry is, om orders betreffende die reëling of beperking van openbaar vervoer uit te vaardig of orders wat voorwaardes of beperkings opleë (betreffende inspeksie, geneeskundige ondersoek, ontsmetting, verwydering van ongedierte of andersins) op die beweging van alle persone of van persone van 'n besondere klas of omskrywing na of van enige plek (wat in sodanige order omskrywe word) waarin tifus werklik of vermoedelik voorkom, of orders wat dit verbied.

**PERSONS HAVING INFORMATION REGARDING TYPHUS CASES TO FURNISH IT WHEN SO REQUIRED.**

7. Every person having information or documentary or other evidence as to illness, recent movements, persons with whom recently in contact or associating, present whereabouts or other matter bearing on the prevention of typhus in respect of any person suffering or suspected to be suffering from typhus shall be bound to furnish or produce the same when so required by any duly authorised medical or other officer of the Administration or local authority.

**CASES OF TYPHUS MAY BE QUARANTINED OR REMOVED AND ISOLATED.**

8. Any person suffering or suspected to be suffering from typhus may, after certification to that effect by a medical practitioner, on the order of the local authority or the Magistrate be quarantined or removed to a hospital or place of isolation and there detained.

**CASES OR SUSPECTED CASES OF TYPHUS TO BE ISOLATED AND PRECAUTIONS TAKEN.**

9. Every person having charge, on the instructions of the Medical Attendant, of a case or suspected case of typhus which is not under treatment in hospital shall cause the premises, and the body clothing, bedding, and effects of the patient to be made and kept clean and free from vermin, and shall not permit any person, not being a medical or nursing or other necessary attendant, to enter the room of or otherwise come in contact with the patient during his illness or for fourteen days thereafter.

**"CONTACTS" MAY BE QUARANTINED OR PLACED UNDER OBSERVATION OR SURVEILLANCE.**

10. Any person who has been or is suspected of having been exposed to the infection of typhus may, on the order of the local authority or the Magistrate, be quarantined or placed under medical observation or surveillance until considered to be free from infection.

**EVACUATION OF INFECTED DWELLINGS, ETC.**

11. The Magistrate may issue, on application by the local authority or without such application, an order requiring that any dwelling or premises in which typhus has occurred or which is believed to be typhus-infected shall be closed and vacated for a time to be specified in such order, and may renew such order.

**MEDICAL EXAMINATION IN CONNECTION WITH TYPHUS AND DISPOSAL OF BODIES.**

12. The local authority or the Magistrate may order the examination by a medical practitioner of any person believed or suspected to be suffering from typhus, or may cause inquiries to be made regarding any person believed or suspected to have died of typhus. The Magistrate may order that a *post-mortem* examination of the body of any person believed or suspected to have died of typhus be made by a medical practitioner, and for this purpose may further order that the body, if already buried, be exhumed. The bodies of persons who have or are believed or suspected to have died of typhus shall be buried or disposed of as may be ordered by the Magistrate.

**PUBLIC MEETINGS AND GATHERINGS MAY BE PROHIBITED.**

13. Where deemed necessary for preventing the spread of typhus the Magistrate may, with the approval of the Administrator first obtained, issue an order prohibiting the convening or holding of any meeting, assembly, or public gathering of any nature whatsoever.

**RESTRICTION OF PUBLIC TRAFFIC AND PRECAUTIONS IN RESPECT OF PERSONS LEAVING OR ENTERING INFECTED AREAS.**

14. It shall be lawful for the Magistrate, with the approval of the Administrator first obtained, to issue orders regarding the regulation or restriction of public traffic or prohibiting or imposing conditions or restrictions (as regards inspection, medical examination, disinfection, delousing, or otherwise) on the movements of all persons or of persons of any particular class or description into or out of any area (to be defined in such order) in which typhus exists or is suspected to exist.

Elke eenaar of bewoner of bestuurder of persoon belas met die toesig oor 'n plaas, hereboerdery, myn, fabriek of ander eiendom en elke werkgewer van natuurle of gekleurde persone of Asiate moet die bewegings van sodanige persone en hulle gesinne op sy plaas, hereboerdery, myn, fabriek of ander eiendom of in sy diens op sodanige manier beperk of hulle terughou as wat voorgeskryf mag word deur die Magistraat of enige polisiebeampte of behoorlik gemagtigde persoon.

**ALLE PERSONE MOET HULLE SKOON EN VRY VAN ONGEDIERTES HOU.**

15. Elkeen sal daarvoor verantwoordelik wees dat sy liggaam, kleding, woning en besittings en die liggaam, kleding en besittings van elke kind benede die ouderdom van sestien jaar en onder sy toesig, altyd skoongehou word en vry van ongedierte, enige persoon wat in gebreke bly om dit te doen of wat bevind word vuil te wees of vol ongedierte, is skuldig aan 'n oortreding en, by skuldigbevinding blootgestel aan die strawwe bepaal vir die oortreding van hierdie regulasies. Enige persoon wat daartoe gemagtig is deur die plaaslike outoriteit of Magistraat of deur die Sekretaris vir Suidwes-Afrika kan enige ondersoek instel wat nodig is om vas te stel of aan hierdie vereistes voldoen word, en kan enige persoon wie se liggaam, kleding, of ander besittings vuil of vol ongedierte is, terughou en onder geneeskundige toesig stel.

**PERSONE EN PLAASLIKE OUTORITEITE OP WIE SE EIENDOMME OF LANDE NATURELLE, GEKLEURDE PERSONE OF ASIATE WOON, MOET REËLINGS TREF VIR REINIGINGSFASILITEITE.**

16. Elke eenaar of bewoner van 'n plaas, hereboerdery, myn, fabriek of ander eiendom waarop natuurle, gekleurde persone of Asiate woon, en elke plaaslike outoriteit op wie se gebied in 'n lokasie of enige eiendom behoorende aan of onder kontrole van sodanige plaaslike outoriteit natuurle gekleurde persone of Asiate woon, moet geleentheid en fasiliteite verskaf vir was en skoonmaak en bevryding van ongedierte van sodanige persone en van hulle kleding, besittings en wonings, en moet sover as moontlik verseker dat van sodanige fasiliteite gebruik gemaak word en dat sodanige persone hulle liggame, kleding, wonings en besittings skoon en vry van ongedierte hou.

Waar na, redelik kennisgewing, enige persoon of enige plaaslike outoriteit in gebreke bly om sodanige middele en fasiliteite te verskaf, mag die plaaslike outoriteit of die Magistraat, of, waar die plaaslike outoriteit self in gebreke bly, die Administrateur, 'n order gee vir die voorsiening van sodanige middele en fasiliteite binne sodanige tydperk wat in sodanige order vermeld word.

**VOORSORGSMAATREËLS TEN OPSIGTE VAN PERSONE WAT PER TREIN REIS.**

17. (1) Enige stasiemeester of kaartjieknipper of enige beampte wat behoorlik gemagtig is om in die plek van sodanige stasiemeester of kaartjieknipper op te tree, mag —

- (a) weier om 'n reiskaartjie uit te reik aan, of
- (b) weier om toe te laat of te vervoer met enige trein, of
- (c) van enige trein verwyder of laat verwyder, enige persoon wat hy as vuil of vol ongedierte op sy liggaam, in sy kleding of besittings beskou of wat om enige ander rede waarskynlik of hoogswaarskynlik tifusbesmetting kan oordra of wat nie aan enige order of vereiste onder hierdie regulasies voldoen het nie.

**ONTSMETTING VAN BESMETTE GEBOUE EN VOORWERPE.**

18. Enige woniag, eiendom of voorwerp wat vol ongedierte is of waarvan geglo of vermoed word dat dit met tifus besmet is, kan ontsmet word en bevry word van ongedierte deur en op sodanige wyse wat voorgeskryf mag word deur die plaaslike outoriteit.

Die eenaar of bewoner van en elke persoon wat in sodanige woning of op sodanige eiendom woon en die eenaar van elke sodanige voorwerp moet enige hulp verskaf wat van hom verlang word in verband met sodanige ontsmetting.

Niemand mag enige sodanige voorwerp verwyder of gebruik nie tensy hy behoorlik deur die plaaslike outoriteit daartoe gelas is nadat dit ontsmet is.

**EIENAARS OF BEWONERS VAN VUIL, ONGESONDE OF MET ONGEDIERTE BESMETTE WONINGS KAN GE-NOODSAAK WORD OM HULLE TE REINIG OF SKOON TE MAAK VAN ONGEDIERTE.**

19. Die plaaslike outoriteit of Magistraat mag skriftelik kennis gee aan die eenaar of bewoner van enige woning of eiendom wat bevind word vuil of ongesond of vol ongedierte te wees, en van hom verlang om dit skoon te maak en om dit so deeglik as moontlik te reinig van ongedierte binne 'n redelik tydperk wat in sodanige kennisgewing bepaal word. In sodanige kennisgewing mag tewens bepaal word welke besondere maatreëls toegepas moet word.

Every owner or occupier or manager or person in charge of a farm, estate, mine, factory, or other premises and every employer of native or coloured persons or Asiatics shall restrict the movements of or detain such persons and their families on his farm, estate, mine, factory, or premises or in his employ in such manner, as the Magistrate or any officer of Police or other duly authorised officer may direct.

**ALL PERSONS TO KEEP THEMSELVES CLEAN AND FREE FROM VERMIN.**

15. Every person shall be responsible that his body, clothing, dwelling, and effects, and the body, clothing, and effects of every child under the age of sixteen years in his charge, are kept at all times clean and free from vermin; any person failing to do so or found to be dirty or verminous shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties provided for a contravention of these regulations. Any person authorised thereto by the local authority or Magistrate or by the Secretary for South West Africa may make any inspection necessary for ascertaining whether these requirements are being complied with, and may detain and place under medical observation or surveillance any person whose body, clothing, or effects are found to be dirty or verminous.

**PERSONS AND LOCAL AUTHORITIES HAVING NATIVES, COLOURED PERSONS, OR ASIATICS RESIDING IN THEIR PREMISES OR AREAS TO PROVIDE CLEANSING FACILITIES.**

16. Every owner or occupier of a farm, estate, mine, factory, or other premises having natives, coloured persons or asiatics residing therein, and every local authority having natives, coloured persons or Asiatics residing within its area in a town location or any premises belonging to or under the control of such local authority, shall provide means and facilities for washing and for the cleansing and freeing from vermin of such persons, and of their clothing, effects and dwellings, and shall, as far as possible, ensure that such facilities are made use of and that such persons keep their bodies, clothing, dwellings, and effects clean and free from vermin.

Where after reasonable notice any person, or any local authority, fails to provide such means and facilities the local authority or the Magistrate, or where the local authority itself is in default, the Administrator may make an order requiring the provision of such means and facilities, and within such time as may be specified in such order.

**PRECAUTIONS IN RESPECT OF PERSONS TRAVELLING BY RAIL.**

17. (1) Any station master, or ticket examiner or any officer acting by due authority on behalf of such station master or ticket examiner, may

- (a) refuse to issue a ticket to, or
- (b) refuse to admit to or convey on any train, or
- (c) remove or cause to be removed from any train,

any person whom he considers to be dirty or verminous in body, clothing, or effects, or to be for any other reason likely or liable to convey typhus infection, or who has not complied with any order or requirement under these regulations.

**DISINFECTION OF INFECTED PREMISES AND ARTICLES.**

18. Any dwelling, premises, or article which is verminous or is believed or suspected to be typhus-infected, may be disinfected and freed of vermin by, and in such manner as may be directed by the local authority.

The owner or occupier of and every person residing in such dwelling or premises, and the owner of every such article shall give any assistance required of him in connection with such disinfection.

No person shall remove or use any such article unless duly authorised to do so by the local authority, after the same has been disinfected.

**OWNERS OR OCCUPIERS OF DIRTY, INSANITARY, OR VERMINOUS DWELLINGS MAY BE REQUIRED TO CLEANSE THE SAME AND FREE THEM FROM VERMIN.**

19. The local authority or Magistrate may give written notice to the owner or occupier of any dwelling or premises found to be dirty or insanitary or verminous requiring him to cleanse the same and to free the same as thoroughly as possible from vermin, within a reasonable time to be specified in such notice, and may likewise specify in such notice any particular measure required to be carried out.



EIENAARS OF BEWONERS VAN GEBREKKIGE WONINGS OF WONINGS, WAARIN TE VEEL PERSONE BLY, KAN GENOODSAAK WORD OM VOORSIENING TE MAAK VIR BEHOORLIKE VERLICHTING EN VENTILASIE EN OM TE VOORKOM DAT TEVEEL PERSONE IN DIE WONING BLY.

20. Die plaaslike outoriteit of Magistraat kan skriftelik kennis gee aan die eenaar of bewoner van enige woonhuis wat sonder voldoende toegang vir daglig en vars lug is of waarin te veel mense woon, en van hom verlang, dat hy voorsiening maak vir sodanige toegang of enige gespesifiseerde verandering binne 'n redelike tydperk, wat in sodanige kennisgewing gespesifiseer word, teweeg bring of dadelik die staat van oorbewoning verander.

VUILE, MET ONGEDIERTE BESMETTE OF ONGESKIKTE WONINGS MAG GESLUIT WORD.

21. Wanneer, weens die sertifikaat van 'n mediese praktisyn en op aanvraag deur die plaaslike outoriteit, of sonder sodanige aanvraag, die Magistraat daarvan oortuig is dat 'n woning so vuil of ongesond of met ongedierte besmet is, of so sleg verlig en ventileer word, of andersins in sodanige toestand verkeer dat dit nie geskik en veilig gemaak kan word as woning vir mense nie, kan hy 'n order uitvaardig tot sluiting en ontruiming van sodanige woning vir 'n tyd wat in sodanige order vermeld word en hy kan sodanige order herhaal.

#### REG TOT TOEGANG.

22. Enige mediese beampte van die Regering of distriks-geneesheer of enige gesondheids-beampte van 'n plaaslike outoriteit of enige lid van die Polisie, of enige persoon wat behoorlik daartoe gemagtig word deur die Magistraat of plaaslike outoriteit of deur die Sekretaris van Suidwes-Afrika mag op enige uur redelik vir die vervulling van die plig 'n woonhuis of eiendom binne gaan wat op redelike gronde aan inspeksie onderworpe moet word in verband met die toepassing van hierdie regulasies of met die voorkoming of verdelging van tifus.

#### STRAFBEPALINGS.

23. Enige persone wat skuldig is aan 'n oortreding van hierdie regulasies is blootgestel aan die strawwe wat deur wet voorgeskryf is.

MAG VAN BEAMPTES, WAGTE ENS. OM OORTREDINGS TE VERHINDER.

24. Enige Magistraat of enige stasiemeester, kaartjieknipper of kondukteur of lid van die Polisie of enige persoon behoorlik daartoe gemagtig deur die Magistraat of plaaslike outoriteit of deur die Sekretaris vir Suidwes-Afrika word hierby gemagtig om enige mag te gebruik wat noodsaaklik is om aan enige vereiste onder hierdie regulasies te voldoen of enige oortreding van hierdie regulasies te belet of om sonder lasbrief enige persoon in hegtenis te neem wat onder hierdie regulasies gevange gehou of geïsoleer was en ontsnap het.

MAG VAN 'N PLAASLIKE OUTORITEIT OM DIE INVOER VAN TIFUSKOORS TE VERHINDER.

